TARIEWE : SONDAE WERK

Die berekening van tariewe waarteen werkers op Sondae betaal word, word gedoen soos in die Wet voorgeskryf:

1. Werkers wat nie normaalweg op Sondae werk nie, moet dubbeld betaal word vir elke uur wat op 'n Sondag gewerk word.

2. Werkers wat gewoonlik Sondae werk, moet vergoed word teen 1.5x normale tarief vir elke uur gewerk op 'n Sondag.

   Dit is BELANGRIK dat werkers slegs teen 1.5 x normale tarief betaal mag word, waar Sondae deel is van hulle "normale" werksure per week - met ander woorde, dit val binne die 45 ure limiet. Indien die 45 ure oorskry word, sal betaling teen dubbele tarief geld.